# G1: Jesus leef

**Doel van les:**

- Vandag leer ons dat Jesus opgestaan het en leef. Die graf is leeg.

**Illustrasie – Eier verrassing**: Haal die inhoud van 'n rou eier uit. Party mense maak 'n klein gaatjie in die dop aan die een kant en bietjie groter gaatjie aan die ander kant met 'n naald en gebruik 'n stukkie draad om die eiergeel te breek aan die binnekant. Jy kan dan versigtig by die kleiner gaatjie blaas sodat die eier by die groter gaatjie aan die ander kant uitloop. Sodra die eier heeltemal leeg is, spoel dit uit met bietjie water en laat dit droog word. Tydens die illustrasie kan jy jou duim op die een gaatjie hou en jou wysvinger oor die ander gaatjie sodat die gaatjies nie sigbaar is nie. Jy benodig ook 'n regte rou eier. Jy kan selfs 'n eierboksie met 'n klompie eiers in hê om dit meer geloofwaardig te laat lyk.

**Wat om te doen:**

Hou die regte eier op en vra wat binne is. Breek die eier in 'n bakkie of glas dat almal kan sien. Vra dan vir iemand wat baie braaf is om jou te kom help om iets vir die klas te wys. Vra die kind om stil te staan en neem dan die eier wat jy leeggemaak het en wys dit vir die klas. Sê dan dat jy nou hierdie eier gaan breek oor daardie kind se kop. Daar gaan groot opgewondenheid wees en almal gaan verras wees wanneer die eier breek en daar niks uitkom nie.

**Vrae vir Ysbreker:**

- Wat het julle gedink gaan gebeur toe ek die eier breek?

Vandag wil ek julle van mense vertel wat ook nie kon glo dat iets leeg was nie.

Gee vir elke groep 'n hartseer, bly en verbaasde gesig. Ons gaan met hierdie gesiggies werk terwyl die verhaal gelees word.

**Sê:** Julle gaan baie mooi moet luister na die verhaal. Soos wat ek lees, gaan ek julle vra wat julle dink die mense gevoel het en dan gaan julle of die bly, hartseer of verbaasde gesig moet kies en ophou as groep. (Verduidelik dat 'n verbaasde gesiggie lyk soos wanneer jy nie kan glo iets het gebeur nie.)

## Jesus het opgestaan (Johannes 20)

Toe Jesus aan die kruis sterf, gaan een van Sy vriende na Pilatus toe. Die vriend se naam is Josef van Arimatea. Hy vra vir Pilatus: "Gee asseblief vir my Jesus se liggaam, ek wil Hom begrawe." **(Hoe dink julle het Josef gelyk toe hy gaan vra het vir Jesus se liggaam? Wattergesiggie**

**sal pas? – Hartseer gesiggie)** Hulle haal Jesus se liggaam van die kruis af en bring dit na 'n mooi tuin. Daar lê hulle Hom in 'n graf neer.

Die graf is in 'n groot rots. En voor die graf is 'n groot swaar klip. Jesus se vriende is baie hartseer. **(Watter gesiggie dink julle gaan wys hoe Jesus se vriende voel? Die hartseergesiggie)** Twee dae later gaan een van hulle na Sy graf. Haar naam is Maria Magdalena. Maar toe sy daar kom, is die groot swaar klip weggerol. Die graf is leeg. **(Watter gesiggie dink jullesal pas by Maria Magdalena? – die verbaasde gesiggie)**

Vinnig hardloop Maria Magdalena na die dissipels. "Kom gou!" roep sy. "Hulle het Jesus uit die graf weggeneem." **(Watter gesiggie gaan ons nou gebruik? Bang gesiggie, want nou is Jesus danweg)**Twee dissipels gaan saam met haar. Ja, werklik! Die graf is leef. Die dissipels kan glad nie verstaan nie. **(Watter gesiggie kan ons hier gebruik? Die verbaasde gesiggie)**Hulle glo nog nie Jesus kan regtig weer lewend word nie. Toe gaan hulle maar huis toe.
Maar Maria Magdalena bly by die graf. Sy huil en huil. **(Watter gesiggie sal ons hier gebruik – hartseer gesiggie)** Toe kyk sy weer in die graf – en daar sit twee engele met wit klere. **(Wattergesiggie sal ons hier gebruik – verbaasde gesiggie)** Hulle vra vir Maria: "Waarom huil jy?"
"Omdat hulle my Here weggeneem het," sê Maria, "en ek weet nie wat hulle met Hom gemaak het nie."
Toe draai Maria om, en daar staan Jesus langs haar. Eers dink sy dis die man wat in die tuin werk en sê: "Meneer, as jy Jesus weggeneem het, sê my waar Hy is?
Toe sê Jesus: "Maria!" Nou weet Maria Jesus het regtig opgestaan! Sy hardloop vinnig om vir die dissipels te gaan vertel.**(Watter gesiggie dink julle het Maria nou? – bly gesiggie)**
(Geneem uit Ons eie Kleuterbybel)

**Sê:**Maatjies, net soos daardie eier leeg was, kan ons weet dat Jesus se graf leeg is, Hy leef!

**Vra:**

- Kan julle vir my wys hoe julle gevoel het toe julle gehoor het dat Jesus in die graf is? (Groepies moet gesiggie kies en ophou.)
- Kan julle vir my wys hoe julle gehoor het die graf is leeg? (Groepies moet gesiggie kies en ophou.)

**Speletjie:** In die graf, uit die graf – Kry iets om 'n lyn te maak in die middel van die vertrek sodat daar twee kante is. Een kant is die 'in die graf' kant en die ander kant is die 'uit die graf' kant. Roep uit of in die graf of uit die graf. Die kinders moet luister watter kant jy uitroep en dan na die regte kant toe spring oor die lyn. As hulle na die verkeerde kant toe spring, dan is hulle uit.

Sluit af met gebed.